

SA Braford Nuusbrief

Ons teel koeie wat
uitstekende moeders is
en bulle wat van puik
kwaliteit is



Upcoming events

Die groot vraag...

Horings of geen horings???

Die debat oor beeste met horings of geen horings gaan al vir jare aan, hier is 'n bietjie inligting oor hoe om poenskop te teel.

Somer of winter aanvullings is 'n belangrikheid van enige boerdery Dr Meaker het 'n stuk daaroor geskryf



Suider- Afrikaanse Pick 'n Pay Stoetteler van die Jaar Kompetisie 2018

Op 18 Oktober 2018 het die prys uitdeling vir die Suider – Afrikaanse Pick 'n Pay Stoetteler van die jaar kompetisie plaasgevind. Baie geluk aan Heelbo Boerdery en Beefpower Braford's wat toekennings ontvang het by die geleentheid.

Beefpower Braford's het 'n toekenning ontvang vir Beproeft bul van die jaar 2018

Heelbo Boerdery het toekennings ontvang vir Koeigroep van die jaar 2018 en Jongbul van die jaar 2018

Die kompetisie was oop vir enige stoetteler van enige vleisbees ras wat genetiese materiaal verkoop. Die inskrywings vorm het talle vrae bevat soos bv “Wat is die beraamde verspreiding van alle kalwers gebore gedurende die 2017 kalfseisoen?”

“Wat was die speenpersentasie behaal met u laaste speenseisoen?”

'n Paneel van beoordelaars is aangewys om wenners vir elke ras te kies. Velddae sal ook gehou word dat die publiek die wenners kan besoek om te sien hoe hulle hul boerdery bedryf.





Poenskop faktor by beeste

Vir etlike jare word die voor- en nadele van die „poena faktor“ by beeste gedebateer. Al ooit gewonder waarom sekere beeste poena is en ander nie? In kort, ofskoon poena kalwers nie onthoring word nie moet produsente kennis neem van die genetiese korrelasie tussen poena en prolaps van die penis by bulle. Dit kan nadelige gevolge inhou.

Omdat die poenskop-geen dominant is bo die horing-geen kan jy in n relatief kort periode jou kudde na poenas verander deur slegs poena bulle aan te koop. Dit word dus redelik algemeen aanvaar dat die nageslag van n poenskop bul poenskop sal wees – altans dit is wat ons glo. Wat egter minder bekend is, is dat die nageslag van sommige poenskop bulle 100% poena is [homosigotiese poena] terwyl die nageslag van ander poena bulle kan varieer van 50% - 75% poena [heterosigotiese poena]. Skematies kan dit as

Bul PP X Koei HH = nageslag 100% poena

Bul PH X Koei HH = nageslag 50:50

Bul PP X Koei PH = nageslag 100% poena [50% homosigoties & 50% heterosigoties]

Bul PH X Koei PH = nageslag 75% poena & 25% horings

[P = Poena & H = Horings, PP = Homosigoties Poena, HH = Homosigoties Horing & PH = Heterosigoties Poena]

Die los horing geen [scur] kom slegs by poena diere voor en word geheel by homosigotiese [PP] poena diere onderdruk. Verder wil dit voorkom of los horings [scurs] meer by manlike as vroulike diere voorkom aangesien vroulike diere oor n dubbele “scur”-geen

manlike diere slegs oor n enkele “scur”- geen moet beskik. Voorafgaande inligting is gedeeltelik verkry en gebaseer op die onderstaande artikel. **Weekly genetics review: the elusive polled gene not so elusive**

By Genetics editor Alex McDonald , 16 October 2018

Testing for the polled variant in beef cattle has an interesting history, Alex McDonald reports in his final weekly genetics review for the year. In the early days of DNA research for single genes, it was expected that the mutation which caused polledness in naturally horned cattle would be relatively easy to find, but this did not prove to be the case.

<https://www.beefcentral.com/genetics/weekly-genetics-review-the-elusive-polled-gene-not-so-elusive/>



Somer aanvullings

Die belangrikheid van fosfor (P) aanvulling gedurende die somer kan nie genoeg beklemtoon word nie. 'n Tekort aan P in die somer lei tot verlaagde konsepsie by koeie en verse, verlaagde melkproduksie by vroulike diere wat tot laer speenmassa lei en swakker groei by jong groeiende diere.

Die daaglikse P vereistes van 'n 300kg groeiende dier, 'n 500kg dragtige koei en 'n 450kg lakterende koei 13g, 12g en 25g onderskeidelik.

Aangesien daar groot verskille in P-inhoud tussen gronde en grasse bestaan kan aanvaar word dat natuurlike weiveld in minstens 50%-60% van die dier se somer P-behoefte voorsien. Om hierdie rede moet produsente poog om minstens 4-5g, 4-5g en 8-10g P daaglik aan groeiende diere (300kg), dragtige koeie (500kg) en lakterende koeie (450kg) in lekvorm te voorsien.

Talle boere sus hulself deur 'n onvolledige / onsmaklike P-lek voor te sit aan sy diere en dan te verwag dat sy diere optimaal moet presteer.

Navorsing toon dat daar geen verskil is in die doeltreffendheid van benutting tussen die verskillende bronne van P wat in die handel beskikbaar is nie.

Die keuse van produk word dus primêr beïnvloed deur prys en daarná deur faktore soos beskikbaarheid, of die boer bereid is om self te meng (arbeid) en die gemak waardeur die produk aan die dier op die veld beskikbaar gestel word.

Wanneer pryse vergelyk word, is dit belangrik om appels met appels te vergelyk. Met ander woorde, moenie slegs na prys per kg lek kyk nie aangesien 'n tuisgemengde lek bv 9% P kan bevat teenoor 6% P vir meeste van die produkte wat in die handel beskikbaar is. Gevolglik moet die inname van die tuisgemengde lek laer wees om dieselfde hoeveelheid P te voorsien.

Vir die doeleindes van hierdie artikel word aanvaar dat 'n lakterende koei 9g P/dag gedurende die somer as aanvulling benodig. Die volgende somerlek kan tuis gemeng word en bevat 9% P:

3x50kg sout

2x50kg MCP P21

1x50kg Phossure P12

Die daaglikse inname van koeie moet dus slegs ongeveer 100g van die selfgemengde lek wees. Hierteenoor koop talle boere klaargemengde somerlek aanvullings wat gewoonlik 6% P bevat wat beteken dat koeie nou 150g lek / dag moet inneem om 9g P daaglik te voorsien. Boere kan gerus hul eie berekenings maak.


Klaargemengde somerlek aanvullings kan daaglik enigiets van 40% tot 60% meer kos.

Die belangrikheid van smaaklikheid en reënbestandheid van somerlekkie, vir optimale inname, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Verder is dit raadsaam om liewer meer gereeld kleiner hoeveelhede lek uit te sit as om groot hoeveelhede minder gereeld uit te sit. Beeswagters moet ook geleer word om alle oormaat water, veral na 'n donderbui, uit die krip te verwyder en die oorblywende mengsel plus 'n klein hoeveelheid vars lek, deeglik te meng.

Navrae kan gerig word aan Johan Meaker, johan@meakerbrafords.co.za of 0760545851.



Classifieds



Written by: Megan Tromp
Edted by: Dr Johan Meaker